Amado kry `n pa - Paarl Post November 2008

AMADO terpeutiese perdrysentrum het 'n beskermheer gekry, 'n pa groot van postuur en met 'n hart vol deernis vir kinders. Herman Bailey, oud-burgemeester van Drakenstein en jarelange mondstuk vir die regte van mense en ontwikkeling in die gemeenskap, het ingestem om as beskermheer
van AMADO op te tree.

Bailey het die sentrum in Suider-Paarl besoek en gesien hoe ruitertjies van Ligstraal Skool vir Gestremdes vol selfvertroue en met uitbundige vreugdeopentussendieperde hul soms onwillige breintjies en beentjies oefen. "Wat my die meeste beïndruk het, is die toewyding van 'n persoon soos M'Lani," het Bailey later gesê. "Sy het buite die normale gaan dink en gaan soek na oplossings vir hierdie kinders se kondisie. "Haar entoesiasme, hoe sy aangevuur word deur suksesse wat behaal word en hoe sy as professionele persoon bereid is om die werk vir beperktevergoedingtedoen,
het my laat besluit dat ek van my kant af ook graag steun wil verleen."

Die bestuursraad van AMADO het aangedaan die besluit bekragtig en nou het die 40 spesiale kinders wat deur perde-terapie sterker word, nog 'n (groot) hand om aan vas te hou.

Vir meer inligting, besoek www.amado.co.za of skakel M'Lani Basson by

083-604-4037.